Gimmie Griffie

21 Junie 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 19***

GEAGTE OUERS

Baie dankie vir 'n baie suksesvolle kwartaal. Geluk met al die pragtige prestasies van ons spanne, voorspoed met die uitspeelwedstryde wat nog moet plaasvind. Ons wens almal sterkte toe met vakansie-aktiwiteite.

Geniet die vakansie, reis veilig en ons sien uit na die derde kwartaal.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

EERSTE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 17 Julie
Skool heropen

Woensdag 18 Julie
Toneelstuk 1: Noordheuwel

Donderdag 19 Julie
Varsity Sports' Launch
Toneel: Gimmies & Aardklop Toneelfees
Skyfskiet liga 5 (tuis)

Vrydag 20 Julie
Skyfskiet liga 5 (tuis)
Toneelstukke 2 & 3: Noordheuwel
Netbal: *SA Schools' Champs*

Saterdag 21 Julie
Skyfskiet liga 5 (tuis)
Netbal: *SA Schools' Champs*
Dogtershokkie uitspele vs. NW
Landloop (8): Wolmaransstad
Rugby Luiperds-finaal A-spanne
Seunshokkie (Kroonstad)

RUGBY

Luiperds finaal vir B-spanne
3de verloor 0-33 teen Volkies.
o/15B wen 17-10 teen Volkies.

Luiperds semifinaal vir A-spanne
1ste verloor 33-35 teen Volkies.
o/16A verloor 12-27 teen KHS.
o/15A wen 36-12 teen Wesvalia.
o/14A verloor 0-55 teen KHS.

NETBAL

Baie geluk aan die o/15A-span wat na afloop van die *Best Schools*-toernooi as Noordweskampioene gekroon is.

SKAAK

Tydens die President-skaaktoernooi wat op 16 Junie plaasgevind het, het Juan-Naudé Aslett 'n algehele derde plek in die o/18-afdeling behaal. Baie geluk, Juan-Naudé.

Ons wens Anaïs Saayman alle sterkte toe wat vanaf 25 Junie tot 3 Julie die o/16 SA-span by die *Commonwealth Chess Championship* in New Delhi, Indië gaan verteenwoordig. Baie geluk, Anaïs – Gimmies is trots op jou.

ATKV-REDENAARS

Noordwes-uitslae:

Onvoorbereid
Gr. 8-9: Elsabé Potgieter (1ste)
Michelle Hammann (7de)
Gr. 10-12: Katelynn Snyman (2de)

Voorbereid
Gr. 8-9: Philip Human (6de)

ATKV-DEBAT

Lené Prinsloo en Reuben Smit het albei 8ste in Noordwes geëindig.

MONETÊRE SKOLE-UITDAGING

Die volgende graad 12-leerders, wat Ekonomie as vak neem, het aan die *Monetary Policy Committee Schools Challenge* wat deur die Suid-Afrikaanse Resewebank aangebied is, deelgeneem: Janke de la Harpe, Chandré Grobler, Dané Holtzhausen en Elzaan Jooste. Hierdie leerders kwalifiseer almal om aansoek te doen vir 'n beurs by die Reserwebank.

Gimmies is nasionaal as een van die Top 7-skole (die enigste NW-skool) aangewys. Baie geluk!

CHEERLEADING

Gimmies se *cheerleaders* het vanjaar uitsonderlik presteer. Tydens die NW-kampioenskappe word hulle as wenners gekroon en hulle gaan vanaf 25 tot 30 Junie aan die nasionale kampioenskappe in Oudtshoorn deelneem. Baie sterkte!!

WINTERSKOOL 2018

Vanaf 11 Julie tot 13 Julie word 'n Winterskool vir graad 12-leerders in Wiskunde en Wetenskap aangebied.

Program: Daagliks
- Wiskunde: 08:00 – 10:00
- Wetenskap: 10:15 – 12:15

Kostes beloop R300 per vak. Alle gelde moet elektronies in die skoolrekening oorbetaal word met die volgende as verwysing: Naam van leerder **en** Winterskool. Bewys van betaling moet saamgebring word na die klasse toe.

SNOW
flake
mark
Experience Goodness
Vryd 6 Julie 5nm - laat
Sat 7 July 9am - 1:30pm
meet & eat
handgemaakte
& organiese
PRODUKTE
craft beer live music
Kindervermaak
SnowflakePotchefstroom
Like